NAMAKWA TOERE & AKKOMMODASIE (EDMS) BPK
2020/895816/07
H/A NAMAKWA TOERE

Avontuur na: **Namibië**



| | |
|---|---|
| Vertrek: | Kaapstad – Windhoek<br>Windhoek – Kaapstad |
| Soort: | Luukse Busvervoer & Lodge/ Hotel akkommodasie |
| Verwysing: | NAM 4 |
| Fisies: | ‘n Redelike vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet. Hierdie toer is geskik vir mense van alle ouderdomme – tree asb. met ons kantoor in verbinding indien u meer inligting benodig om ‘n besluit te neem. |

## Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het ‘n paar lang reisdae - wat verleng kan word deur slegte Afrika-paaie.
- Namibië se temperature styg in die somermaande, (September – November) voor dit begin reën, van 34 - 38° C.
- Wat u mag sien op die toer mag dalk nie wees wat u by ander gehoor het of op prentjies gesien het nie. Namibië is ‘n seisoenale bestemming en die migrasiepatrone van diere word nie versper deur lyndrade nie.
- “Early bird catches the worm” – Ons gaan ‘n paar oggende moet vroeg opstaan om te verseker dat ons nie op die hitte van die dag aktiwiteite hoef te onderneem nie. Dit verseker ons ook dat die beste fotogeleenthede opduik en sodoende vermy ons ook die meeste verkeer in stedelike gebiede op oggende wat ons ver moet reis.
- Hierdie toer behels meestal lodge- en hotelverblyf in drie- tot viersterfasiliteite wat die area waarin ons is, komplimenteer. Al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, is vooraf besoek en uitgekies om by ons standaarde te pas.
- Hierdie toer word aangebied in ‘n luukse 4x4-bus met 22 sitplekke en vir u gerief, ‘n toilet aan boord. Ons verkies om nie meer as 20 mense op ‘n slag saam met ons te neem nie en daarom is enkelakkommodasie baie beperk.
- Indien daar minder as 11 mense is, sal die toer in ‘n 14-sitplek Toyota Quantum 2.8 Gd6 onderneem word.

| Toerprys 2025 | |
|---|---|
| **Deeltarief (*p.p.)*** | R47 000 |
| **Enkeltarief (*p.p.)*** | R56 000 |

R6 500 (p.p.) deposito betaalbaar binne 14 dae nadat u bespreking bevestig is en die balans 60 dae voordat toer vertrek.

| **Toer** | **Datums 2025** | **Vertrek punt** | **Eindbestemming** |
|---|---|---|---|
| ~~Nam 4/1~~ | ~~Di. 18 Maart – Sat. 29 Maart~~ | ~~Vertrek met bus **VANAF** Kaapstad~~ | ~~Vlieg **VANAF** Windhoek **NA** ORT/CPT **VOL**~~ |
| ~~Nam 4/2~~ | ~~Sat. 05 April - Wo. 16 April~~ | ~~Vlieg **NA** Windhoek vanaf ORT / CPT~~ | ~~Eindig met bus **IN** Kaapstad **VOL**~~ |

**REISPROGRAM: 12- DAG REIS DEUR NAMIBië**

| | |
|---|---|
| **Ingesluit:** | Eenrigtingvlug ingesluit<br>(ORT/CPT na WHD) (WHD na ORT/CPT)<br>11 Nagte se luukse akkommodasie<br>Geregistreerde toergids<br>Busvervoer<br>Toegangsgeld soos aangedui<br>Etes soos aangedui |
| **Uitgesluit:** | Middagetes<br>Fooitjies<br>Drankies |

**Let asseblief daarop dat toegansfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is en dat die kilometers afgerond is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.**

# 12-Dag Namibië toer vanuit Kaapstad na Windhoek (4/1)

***DAG 1:*** Die eerste dag van ons toer vertrek ons die oggend 09:00 vanaf die verskeie optelpunte in Kaapstad. Ons reis na Vanrhynsdorp waar ons die eerste aand by Namaqua Lodge in Vanrhynsdorp oornag.
Ingesluit: Aandete
Km: +- 300 km

***DAG 2:*** Ons vertrek vanaf Vanrhynsdorp en kies hiervandaan koers na Vioolsdrif-grenspos. Ons ry verder na die Visrivier-canyon waar ons naby die canyon oornag.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 500

***DAG 3 & 4:*** Ons vertrek na die Visrivier-canyon. Van hier af reis ons na Aus en dan na Luderitz in die Karasstreek. Langs die pad behoort ons (hopelik) die wildeperde van die Namib te siene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin verskyn die see voor ons, waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die volgende twee aande gaan oorbly.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Visrivier-canyon & Kolmanskop
Km: 450

***DAG 5:*** Van Aus af kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park verby Helmeringhausen, of ons draai dalk af op die D707, as die pad ons toelaat, na Sossusvlei area waar ons die volgende twee nagte bly.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Namib-Naukluft Nasionale Park
Km: 440

***DAG 6:*** Vandag lê ons besoek af by die asemrowende en skilderagtige Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roes bruinrooi kleur gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige "*fairy-circles*" wat hier en daar te voorskyn kom.
Insluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Sossusvlei
4x4-rit na Dooievlei is uitgesluit
Km: 230

***DAG 7:*** Ons volg vandag `n roete deur die Khomas- en Erongo-streke na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Van hier af vertrek ons na Swakopmund waar ons twee nagte by Bay View Resort te Langstrand gaan vertoef.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 350

***DAG 8:*** Vandag verken ons Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia-plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete. Na die roete is daar 'n kans vir u om te rus of om op u eie Swakopmund en Walvisbaai te verken. 'n Lys van opsionele aktiwiteite word verder aan in die program op bl. 5 voorsien.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde
Uitgesluit: Enige ekstra aktiwiteite in Swakopmund & Walvisbaai
Km: 250

***DAG 9:*** Vanaf Swakopmund vertrek ons noord na die Oshikoto-streek en Etosha Nasionale Park. Hier gaan ons vir twee nagte in die Okaukuejo Rusoord deurbring. Ons kies die kamp vanweë sy fantastiese watergat waar jy tot laatnag diere kan sit en besigtig.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 510

***DAG 10:*** Ongeveer 07:00 die oggend gaan ons deur die park op 'n wildbesigtigingsrit tot ongeveer middagete ry. Wanneer ons terug is, kan u middagete by die rusoord geniet. Hierdie rit is opsioneel en nie verpligtend nie. Na aandete en deur die loop van die dag, kan u te enige tyd na die watergat toe in die oord gaan om na die diere te gaan kyk wat kom water drink.
Insluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 200
***DAG 11:*** Vandag begin die pad terug huistoe. Ons vertrek by Etosha Nasionale park om die aand in Windhoek te wees waar ons by Arebbusch Travel Lodge oornag.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 450

***DAG 12:*** Hier eindig die toer. 'n Vlugkaartjie terug Suid-Afrika toe, vanaf Husea Kutako Internasionale Lughawe, is ingesluit by u pakket. Indien u langer in Windhoek sou wou bly, kan 'n alternatiewe datum vir die terugvlug bespreek word.
Ingesluit: Ontbyt
Km: 480

## 12- Dag Namibië toer vanuit Windhoek na Kaapstad (4/2)

***DAG 1:*** Vandag vlieg u na Windhoek en arriveer by Hosea Kutako Internationale lughawe waar 'n pendeldiens u ontmoet om u na Arebbusch Travel Lodge te neem. Ons ontmoet u hier later die middag. Indien u 'n paar dae vroeër wil vlieg om die stad beter te leer ken voordat die toer begin, kan u gerus met die kantoor in verbinding tree vir ander vlugreëlings. Hierdie eenrigtingvlug is ingesluit by u pakket.
Ingesluit : Vlug en pendeldiens

***DAG 2:*** Vanoggend vertrek ons ongeveer 06:00 vanaf Arebbusch (Windhoek). Ons reis na Outjo waar ons vir inkopies stilhou en middagete by 'n egte Duitse bakkery nuttig. Van hier ry ons na Etosha Nasionale park waar ons twee aande in een van Etosha Nasionale Park se rusoorde oornag.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete
Ingesluit toegangsfooi : Etosha Nasionale Park
Km : 480

***DAG 3:*** Ons gaan vroeg die oggend op 'n wildrit vertrek. Hierdie wildrit is opsioneel en u kan saamgaan of u kan heeldag baie rustig by die watergat sit by Okaukuejo.
Ingesluit : Ontbyt & Aandete

***DAG 4:*** Na ons wonderlike tyd in Etosha, vertrek ons na die see. Ons volg die pad suidwes na Swakopmund. Ons gaan ook probeer om al die besienswaardighede in te pas. Ons roete lei ons na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Ons verken Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete. Daarna vertrek ons na Langstrand waar ons twee nagte by Bay View Resort gaan vertoef.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanslandskap & Welwitchia-velde
Km: 550

***DAG 5:*** Hierdie dag kan u Swakopmund rooi verf. Daar is verskeie opsionele aktiwiteite waarin u kan deelneem of u kan lekker rustig op die balkon sit en uitkyk oor die see. Kostes van aktiwiteite is op bl. 5.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete

***__DAG 6:__*** Vanaf Langstrand kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park in die rigting, Helmeringhausen, of ons draai af op die D707 - as die pad ons toelaat - na Sossusvlei waar ons die volgende twee nagte bly.
Insluit : Ontbyt & Aandete
Km: 300

***__DAG 7:__*** Vandag lê ons besoek af by die asemrowende en skilderagtige Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roes bruinrooi kleur gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige *"fairy-circles"* wat hier en daar te voorskyn kom.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete
Ingesluit toegangsfooi: Sossusvlei
4x4-rit na Dooievlei is uitgesluit.
Km : 150

***__DAG 8 & 9:__*** Vandag vertrek ons verder suid na Luderitz. Langs die pad behoort ons (hopelik) die wilde perde van die Namib te siene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin verskyn die see voor ons waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die die volgende twee aande gaan oorbly.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete
Ingesluit toegangsfooi: Kolmanskop
Km : 680

***__DAG 10:__*** Van Aus vertrek ons na die Visrivier-canyon. Hier gaan ons 'n tydjie net die uitsig geniet. Van hier vertrek ons verder na 'n akkommodasiefasiliteit naby die canyon.
Ingesluit: Ontbyt & Aandete
Km : 350

***__DAG 11:__*** Na 'n ongelooflike toer verlaat ons die land deur Noordoewer / Vioolsdrift terug na Suid-Afrika. Terug in Suid-Afrika volg ons die N7 na Vanrhynsdorp waar ons die laaste aand van ons toer by Namaqua Lodge gaan oornag.
Insluit: Ontbyt & Aandete
Km : 500

***__DAG 12:__*** Vandag begin die pad terug huis toe. Ons vertrek vanaf Namaqua Lodge en ry deur die Swartland terug Kaap toe, na wat beslis 'n ongelooflike toer sal wees. Ons behoort teen middagete in die Kaap aan te kom.
Ingesluit: Ontbyt
Km : 300

## OPSIONELE AKTIWITIETE:

- Die lys van opsionele aktiwiteite kan as riglyn gebruik word wanneer u 'n begroting vir u toer wil uitwerk.
- Wanneer ons op die toer gaan, maak die gids namens u besprekings. Hierdie aktiwiteite is vir u eie sak en is nie ingeluit in die toerprys nie.
- Waar aktiwiteite as gemiddelde tot hoë risiko beskou word, raai ons u aan om eerder van die aktiwiteite gebruik te maak wat ons reeds op die proef gestel en geëvalueer het. Indien u van ander aktiwiteite wil gebruik maak, vra asseblief eers ons gids se mening.

| Sossusvlei Aktiwiteite | |
|---|---|
| Lugballon | R7 200 per persoon (SADC tarief)<br>Sluit vonkelwyn ontbyt in.<br>Pendeldiens tussen hotel en ballon.<br>Geld kan aan ons oorbetaal word voor die tyd.<br>Besprekings baie belangrik. |
| **Swakopmund Aktiwiteite** | |
| Living Desert | R900 per persoon<br>Ons beveel dit aan. Dis 'n ongelooflike ervaring.<br>Slegs kontant of geld kan aan ons oorbetaal word.<br>Bespreking sal op toer finaliseer word. |
| Lugballon | R6 300<br>Sluit vonkelwyn ontbyt in.<br>Pendeldiens tussen hotel en ballon.<br>Geld kan aan ons oorbetaal word voor die tyd.<br>Besprekings baie belangrik. |
| Desert Explorers | Quadbikes in die duine<br>Kameel rit<br>Go-carts<br>Verskeie aktiwiteite beskikbaar.<br>Geen vooraf reëlings nodig nie.<br>Besprekings kan by avontuur sentrum gedoen word. |

*Tariewe is onderhewig aan verandering sonder vooraf kennisgewing en kan verminder met meer mense per rit

## BELANGRIKE INLIGTING:

- Enkel akkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs twee kamers per datum beskikbaar. Kontak asseblief eers ons kantoor voordat u voortgaan met 'n enkelbespreking, sodat ons kan seker te maak daar is 'n kamer beskikbaar. Stuur gerus 'n e-pos na info@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0)27 2191633.
- Enkelkamers kan altyd na dubbelakkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie; slegs die dubbelfooi per persoon. Die verskil tussen enkel- en dubbelakkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.
- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag waarop die toer eindig, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede mening oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, pendeldiens en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.
- U paspoort moet asb **SES** maande of langer geldig wees.
- Ons by Namakwa Toere doen ons bes om die toerprogram so stiptelik as moontlik te volg, maar indien onvoorsiene omstandighede opduik, kan ons die toerprogram aanpas soos nodig. Ons dra altyd ons toerlede se beste belange op die hart ten einde aan hulle 'n onvergeetlike vakansie te bied.
- Die deposito vir die toer is betaalbaar **twee weke** na u bespreking, indien anders gereël met die kantoor. Die deposito is nie terugbetaalbaar en indien u die toer kanselleer, sal Namakwa Toere 'n administrasie fooi van R1 000 **per persoon** hef en die res van die fondse wat alreeds ontvang is, sal oorgedra word na 'n toer van u keuse binne 'n tydperk van **12 maande vanaf die datum van kansellasie.**
- **Kansellasiebeleid:**
  Indien 'n toer binne die onderstaande tydperke gekanselleer word, sal 'n sekere persentasie van die toerprys deur Namakwa Toere weerhou word en nie terugbetaal word nie (dit is nie van toepassing op die nie-terugbetaalbare deposito nie):
  - Meer as **90 dae (3 maande)** voor toer vertrek – 25% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **60 en 90 dae voor toer (2-3 maande) -** 50% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **1 en 30 dae (2-4 weke)** voor die toer vertrek – 75% nie terugbetaalbaar
  - Versuim om op te daag vir die toer – 100% nie terugbetaalbaar

  Toergelde kan slegs terugbetaal word indien 'n geldige bewys van siekte of sterfte verskaf word. In sulke gevalle sal diskresie toegepas en die situasie bespreek word.

## Padtoestande en infrastruktuur in Namibië:

Die paaie in Namibië en deur Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat baie swaar druk op ons voertuie plaas. Ons het baie vertroue in ons voertuie en ons maak seker dat ons alles in ons vermoeë doen om te verseker dat alles goed verloop. Ons kan ongelukkig nie alle onbeplande situasies oorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry, is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Dit beteken ook dat die reistyd soos aangedui, slegs 'n aanduiding is en nie 'n gegewe nie. Ons weet dit kan vermoeiend raak, maar die paaie lei ons op die ou einde na ongelooflike plekke.

## Mediese inligting:

Reisigers, oud en jonk, word versoek om in 'n goeie gesondheidstoestand te wees om ten volle aan die toer te kan deelneem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u aan al die aktiwiteite – soos in die program genoem – kan deelneem. As ons toergids en bestuurder dalk op enige stadium van die toer van mining is dat enige van ons toerlede nie meer aan 'n aktiwiteit kan deelneem nie, behou ons, die reg voor om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer – sonder enige terugbetaling – te verskoon. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering.
Ons versoek verder, dat indien u oor die ouderdom van 65 is, u 'n mediese konsultant of dokter raadpleeg oor u reis na die spesifieke land. Alle toerlede moet ook met 'n mediese konsultant of dokter in verband met die nodige entstof en teenmalaria raadpleeg voordat u op die toer gaan. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulpkassie met die nodige voorraad soos "rehydrate", ekstra leesbrille, karsiekmedikasie en ook diarreemedikasie saamneem.

## Drinkwater:

As 'n reël aanvaar ons dat alle water wat uit 'n kraan kom, ondrinkbaar en nie geskik vir menslike gebruik is nie. Dit mag minerale en bakterieë bevat waaraan u maag nie gewoond is nie. Dit kan tot ernstige ontsteltenis, ongerief en siektes lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer verwoes. Omtrent al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, verskaf veilige drinkwater op 'n daaglikse basis. Bring gerus 'n BPA-vrye waterbottel saam wat ons beslis vir u gaan volmaak.

**<u>Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?</u>**

<u>Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?</u>

Ons is ‘n familiebesigheid en is reeds seder 1985 in die toerbedryf. Ons het van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikeste gidse wat u ooit sal teëkom. Elke toerlid se toerbehoeftes word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer. Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

**www.facebook.com/namakwatoere**

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto’s op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

<u>Interessante feite oor Namibië</u>

*Namibië in geheel is baie* groot – wees bereid om baie kilometers af te le! Namibië beslaan ‘n oppervlak van sowat 824 270 Km². Dit bestaan hoofsaaklik uit woestyn en semiwoestyn omgewings met tropiese vleilande in die Ooste en in die verre Noorde. Die dae is soms baie warm, soos ‘n yster lank in die vuur gesteek en die nagte mag baie koud wees.
Namibië is ‘n land van besonderse diversiteit, taal en tradisies. Daar is 11 hoof etniese groepe wat ‘n nomadiese en semi-nomadiese lewenstyl handhaaf.

**<u>Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?</u>**

Die Toer is onderhewig aan ‘n minimum besprekings van **ses persone,** alvorens dit sal plaasvind.

**<u>Hoe bespreek ek ‘n toer by Namakwa Toere?</u>**

Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, voltooi die besprekingsvorm. E-pos die vorm na ons kantoor by info@namakwatoere.com .

Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlugbesprekings indien u dit so aangedui het). U sal ‘n toerverwysingsnommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysingsnommer moet op u depositostrokie aangetoon word EN** moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer waarvoor u bespreek het.

Ons verskaf nie bankbesonderhede sonder ‘n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede geld inbetaal het sonder dat hulle ‘n toerverwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie ‘n bespreking per faks of e-pos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede geld inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Ons begin elke oggend voor ons ry met ‘n gebed, en vertrou op die Here vir ‘n veilige en sielsverrykende toer.

Vriendelike groete



**Namakwa Toere Span**

Email: info@namakwatoere.com&info@namaqualodge.co.za
Voortrekkerstraat 22 | Posbus 246 | VANRHYNSDORP | 8170
www.namakwatoere.com&www.namaqualodge.co.za
Cell: +27 (0) 82 654 8877 – Jenny | +27 (0) 82 896 6444– Mike
TEL: +27 (0) 27 219-1633 |377 | WhatsApp 066 385 4653
+27 (0) 82 872 9999 – Santa | +27 (0) 72 218 8728 - Marné

**Hotelverblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is:**

| | City Lodge - Grand West - Kaapstad<br>(3 ***) Vertrek 09:00 |
|---|---|
| Enkelkamer | **R1 896** |
| Dubbel/Twin | **R2 131** |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>06:30 - 09:30 |
| Middag- en Aandete | Geen Restaurant op perseel<br>Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar |
| Pendeldiens | R350 (+R30 p.p. ekstra) |
| Parkering | Gratis (langtermyn beskikbaar) |
| WiFi | 15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Grand West Casino, restaurante & Vermaaklikheid is loopafstand |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel |
| Tel | (021) 535 3611 |

| | Hotel Verde Lughawe - Kaapstad<br>(4 ****) Vertrek 09:30 |
|---|---|
| Enkelkamer | **R1 860** |
| Dubbel/Twin | **R2 160** |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>Weekdae: 04:30 - 09:30<br>Naweke: 04:30 - 10:00 |
| Middag- en Aandete | Restaurant (A la carte)<br>Middagete: 12:30 – 15:00<br>Aandete: 18:30 – 22:30<br>Kamerbediening: 10:00 – 22:30 |
| Pendeldiens | Gratis tussen lughawe en hotel<br>Gratis tussen hotel en Waterfront<br>Vertrek 13:00 van hotel na Waterfront<br>Vertrek 17:30 vanaf Waterfront na hotel<br>(Moet bespreek vir hierdie diens) |
| Parkering | Gratis oornag indien u daar slaap.<br>R125 per nag indien u u motor tydens die toer daar wil parkeer |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Gimnasium |
| Webtuiste | http://www.hotelverde.co.za/ |
| Tel | (021) 380 5500 |

| | Road Lodge Lughawe - Kaapstad<br>(1 *) Vertrek 09:15 |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 010 |
| Dubbel/Twin | R1 140 |
| Ontbyt | Kontinentale ontbyt – R90 p.p<br>Weeksdae: 06:30 - 09:00<br>Naweke: 07:00 - 10:00 |
| Etes | Geen restuarant<br>Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel *Mr Delivery* vir wegneemetes |
| Pendeldiens | R110 (+R30 p.p. ekstra) |
| Parkering | Gratis indien u daar oornag<br>R200 per nag indien u u motor tydens die toer by die hotel wil los |
| WiFi | Gratis |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport |
| Tel | (021) 934 7303 |

| | **Arebbusch Travel Lodge - Windhoek** **(3 ***)** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 075 |
| Dubbel/Twin | R1 340 |
| Luxury Enkel | R1 485 |
| Luxury Dubbel | R1 855 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>06:30 – 10:00 (kospakkies beskikbaar) |
| Midda- en aandete | Beskikbaar by restaurant by lodge (á la carte) |
| Pendeldiens | Vanaf R350 per pendeldiens |
| Parkering | Gratis |
| WiFi | Gratis |
| Webtuiste | www.arebbusch.com |
| Tel | +264 (0) 61 252255 |

- Reisversekering: Kontak ons vir'n kwotasie
- Vlugte kontak ons vir pryse en tye

**<u>Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor gedoen word om te kwalifiseer vir tariewe soos hierbo aangedui</u>**

**BESPREKINGSVORM**
**Toerlid 1:**

Van:........................................................ Mnr/Mev/Mej:...............................................

Volle naam(e) soos verskyn op ID Noemnaam:...............................................

............................................................ Nooiens Van:...............................................

ID nr:...................................................... Tel nr:...............................................

Paspoort Nommer:................................ Sel nr:...............................................

Paspoort verval datum............................ E-pos:...............................................

Woonadres:.............................................

............................................................

**Toerlid 2:**

Van:........................................................ Mnr/Mev/Mej:...............................................

Volle naam(e) soos verskyn op ID Noemnaam:...............................................

............................................................ Nooiens Van:...............................................

ID nr:...................................................... Tel nr:...............................................

Paspoort Nommer:................................ Sel nr:...............................................

Paspoort verval datum:............................ E-pos:...............................................

Woonadres:.............................................

............................................................

**NAMIBIë** **Toer datum:**.........................................

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **18 – 29 Maart** | **Begin Kaapstad eindig Windhoek– 1 vlug ingesluit: WHD - CPT/OR Tambo** | |
| **Datum** | **05 – 16 April** | **Begin Windhoek eindig Kaapstad – 1 vlug ingesluit: CPT/OR Tambo - WHD** | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Akkommodasie gedurende toer | Enkel | Dubbel | Twin 2 bed | |
| Vlugte na Kaapstad / Johannesburg | ***Vanaf*** Lughawe | | | |
| Vlugte vanaf Kaapstad / Johannesburg | ***Na*** Lughawe | | | |
| Hotelbespreking in Kaapstad / Windhoek | Ja | Nee | | |
| Datum ***voor*** toer:............................ | | | Datum ***na*** toer:............................ | |
| City Lodge – Grand West | | | Spesiale versoek: | |
| Hotel Verde - Lughawe | | | | |
| Road Lodge - Lughawe | | | | |
| Arebbusch - Windhoek | | | | |
| Moet ons help met pendeldiens in Kaapstad / Windhoek | Yes | No | | |
| Opklimpunt:<br>Tyd: | City Lodge<br>09:00 | Hotel Verde<br>09:30 | Road Lodge<br>09:15 | Arebbush |

Naasbestaande Naam:................................ Kontak nr:.....................................

Handtekening:............................................ Datum:.........